Kirchhoffs

Ludwig's

Rose Spider Mite

Reg. Nr. L6942 Wet 36/1947

'n Suspensie konsentraat kontak mytdoder vir beheer van die eier en onvolwasse stadiums van rooispinmyt *(Tetranychus urticae)* op rose en tamaties en rooispinmyt *(Tetranychus urticae)* en europese rooimyt *(Panonychus ulmi)* op appels en pere.

AKTIEWE BESTANDDEEL:
Etoksasool (Difeniloksasolien derivaat).....100g/ℓ

REGISTRASIEHOUER:

BallStraathof (EDMS) BPK

BallStraathof (Edms) Bpk Reg. Nr. 2000/029724/07, Posbus 3691, Honeydew, 2040, Suid Afrika, Tel: (011) 794 2316

WAARSKUWINGS

Laat die volgende aantal dae tussen laaste toediening en oes: Appels en pere 42 dae, Tamaties 3 dae.

Hanteer versigtig.
Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
Skadelik indien ingesluk.
Bêre in 'n koel plek, weg van voedsel en voer.

Alhoewel hiedie middel omvatted onder 'n verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weestand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registrasiehouer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

Vermy kontak met die konsentraat.
Moet nie die spuitmis inasem nie.
Was met seep en water na toediening.
Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging, toediening of voordat hande en gesig gewas is nie.
Voorkom wegdrywing van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en areas nie onder behandeling nie.
Verhoed besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei asook waterbronne, riviere en damme.

Maak spuitapparaat skoon na gebruik en raak van uitspoelwater ontslae op 'n veilige plek.
Spoel leë houer driemaal met 'n volume water gelyk aan 10% van die houer.
Voeg spoelwater by die inhoud van spuitapparaat voor die vernietiging van die houer op die voorgeskrewe metode.
Vernietig leë houer deur gate daarin te maak en moet nooit vir 'n ander doel gebruik nie.
Raak van leë houer op 'n veilige en verantwoordelike wyse ontslae.

GEBRUIKSAANWYSINGS — Gebruik slegs soos aangedui

Rose Spider Mite is effektief vir die beheer van die eier en die onvolwasse fase van rooispinmyt *(Tetranychus urticae)* en rooimyt *(Panonychus ulmi)*. Volwasse myte word nie beheer nie. Rose Spider Mite is redelik stadigwerkend en behoort toegedien te word met die eeste tekens van myt beweging. Goeie spuitbedekking van totale blaaroppervlak is noodsaaklik. Rose Spider Mite is nie nadelig vir voordelige predatore (natuurlike vyande) soos *Amblyseius californicus* en *Oligota* nie.

VERENIGBAARHEID

Aangesien Rose Spider Mite nog nie in alle spuitkombinasies bewys is nie, word daar aanbeveel om dit nie saam met ander spuitmengsels in die spuitapparaat te gebruik nie totdat daar meer ondervinding beskikbaar is. Moet nie met swamdoders meng nie. Raadpleeg die handelaar oor die jongste inligting oor verenigbaarheid.

MENGINSTRUKSIES

Rose Spider Mite is 'n suspensiekonsentraat. **SKUD HOUER GOED VOOR GEBRUIK**. Dit is nodig dat die spuitmengsel gedurig geroer word tydens vermenging en bespuiting. Maak die spuitapparaat halfvol met skoon water, meet die benodigde Rose Spider Mite uit en maak 'n voormengsel met 'n klein volume water (1 deel tot 10 dele water) voor dit by die water in die spuitapparaat gevoeg word. Gooi voormengsel in spuitapparaat en vul verder tot die verlangde water volume, terwyl geroer word. Behou roer-aksie gedurende bespuiting. Gebruik al die spuitmengsel wat gemeng is en moet nie oornag laat staan nie.

GEWAS en PLAAG	DOSIS	BESONDERHEDE VAN SPUITPROGRAM
ROSE Rooispinmyt *(Tetranychus urticae)*	2.5 mℓ - 5 mℓ per 10 liter water	Dien toe by eeste tekens van myt besmetting met 'n hoë druk vol dekbespuiting tot die punt van afloop. Goeie dekking van onderkant van blaaroppervlak is noodsaaklik. Wanneer die 2.5 mℓ dosis gebruik word, word 2 bespuitings 7 dae uitmekaar aanbeveel. Herhaal soos benodig. Afwisseling met 'n geregistreerde mytdoder van 'n ander chemiese groep word aanbeveel.
APPELS EN PERE Rooispinmyt *(Tetranychus urticae)* Europese Rooimyt *(Panonychus ulmi)*	3.5 mℓ per 10 liter water	Dien toe as 'n hoë druk volle dekbespuiting tot punt van afloop met die eerste tekens van myt-beweging (gewoonlik November tot Januarie). Goeie bedekking is noodsaaklik. Sal ook bydrae tot die beheer van Bryobiamyt *(Bryobia rubrioculus)* indien dit sou voorkom wanneer daar vir ander myte gespuit word. Indien dit nodig is om weer te spuit vir myte, gebruik 'n geregistreerde mytdoder van 'n ander chemiese groep.
TAMATIES Rooispinmyt *(Tetranychus urticae)*	4 mℓ per 10 liter water	Dien toe by die eerste tekens van myt besmetting as 'n volle dekbespuiting. Die plante moet deeglik benat word tot die punt van afloop. Moet nie meer as een toediening per seisoen doen nie. Indien dit nodig is om weer te spuit vir myte, gebruik 'n geregistreerde mytdoder van 'n ander chemiese groep.

Kirchhoffs

Ludwig's

Rose Spider Mite

Reg. No. L6942 Act 36/1947

A suspension concentrate contact acaricide for the control of the egg and immature stages of the red spider mite *(Tetranychus urticae)* on roses and tomatoes and red spider mite *(Tetranychus urticae)* and european red mite *(Panonychus ulmi)* on apples and pears.

ACTIVE INGREDIENT:
Etoxazole (Diphenyloxazoline derivative).....100g/ℓ

REGISTRATION HOLDER:
BallStraathof (PTY) LTD

Ball Straathof (Pty) Ltd reg. no. 2000/029724/07, P.O. Box 3691, Honeydew, 2040, South Africa, Tel: (011) 794 2316

WARNINGS

Allow the following minimum days between the last application and harvesting: Apples and Pears 42 days, Tomatoes 3 days.

Handle with care.
Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
Harmful if swallowed.
Store in a cool place away from food and feedstuffs.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal climatic and storage conditions; compatibility with other substances not indicated on the label and the appearance of resistance of the pest against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animals or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier or registration holder in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

Avoid contact with the concentrate.
Avoid inhalation of the spray mist.
Do not eat, drink or smoke whilst mixing and applying or before washing hands and face.
Avoid drift of spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
Prevent contamination of food, feedstuffs, eating utensils, drinking water, springs, dams and rivers.
Clean spray equipment after use and dispose of wash water in a safe place.

Rinse empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10% of that of the container.
Add the rinsings to the contents of the applicator before destroying the container in the prescribed manner.
Destroy container by perforation and do not use for any other purpose.

DIRECTIONS FOR USE — Use only as directed

Rose Spider Mite is effective for the control of the egg and immature stages of the red mite *(Tetranychus urticae)* and European Red Mite *(Panonychus ulmi)*. It does not control adult spider mites. Rose Spider Mite is moderately slow acting and should be applied when first sign of infestation is noticed. Good coverage of all plant surfaces with the spray is essential. Rose Spider Mite does not adversely affect beneficial predators such as *Amblyseius californicus* and *Oligota*.

COMPATIBILITY

Since Rose Spider Mite has not been fully tested in all sequences and combinations of sprays, it is not recommended to tank-mix with any other spray materials until greater experience has been obtained. Do not mix with fungicides. Consult the registration holder for up-to-date information on compatibility.

MIXING INSTRUCTIONS

Rose Spider Mite is a suspension concentrate. **SHAKE WELL BEFORE USE**. Agitation is necessary to avoid settling during mixing and spraying. Half fill the spray equipment with clean water. Measure out the required quantity of Rose Spider Mite and pre-mix with a small volume of water (1 part Rose Spider Mite to 10 parts water), before adding to the water in the spray equipment. Fill spray equipment to the required volume with water. Maintain agitation during spraying. Use prepared spray mixing immediately. Do not allow to stand overnight.

CROP and PEST	DOSAGE	DETAILS OF SPRAY PROGRAMME
ROSES Red Spider Mite *(Tetranychus urticae)*	2.5 mℓ - 5 mℓ per 10 litre water	Apply at the first sign of mite movement using a high pressure full cover spray to point of run-off. Good coverage of underside of leaves is essential. When using the 2.5 mℓ rate, 2 applications at a 7 day interval are recommended. Repeat as necessary. Alternate with a suitable registered acaricide from a different chemical group.
APPLES AND PEARS Red Spider Mite *(Tetranychus urticae)* European Red Mite *(Panonychus ulmi)*	3.5 mℓ per 10 litre water	Apply at first signs of mite movement (normally November to January), using a high pressure full cover spray to point of run-off. Good coverage is essential. Will also aid in the control of Bryobia mite *(Bryobia rubrioculus)* when present during spraying for red spider mite. Should it be necessary to spray the trees again for mites, use a registered acaricide from a different chemical group.
TOMATOES Red Spider Mite *(Tetranychus urticae)*	4 mℓ per 10 litre water	Apply at the first signs of mite movement. Apply as a full cover spray and ensure through coverage to the point of run-off. Do not apply more than one treatment per season. Alternate with a suitable registered acaricide from a different chemical group.